SAPEX
Your fruit is our business

WEEK 17

23 April 2026

# TAFELDRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

**Marktoestande EU en VK**

Ons nader die einde van die 2025/2026 druiweseisoen. Vir alle praktiese doeleindes is al die druiwe wat ons verskeep het, nou verkoop. Die afhandeling en finale uitbetalings sal egter nog ‘n geruime tyd duur.

Dit was verseker ‘n uitdagende seisoen. Ons sien deurlopend ‘n gemengde stel aankomstes, met sterker en meer lewensvatbare kultivars wat die risiko van markeffekte beter kan akkomodeer. Bottelnek-aankomstes, gekombineer met 'n ooraanbod in kritieke aankomsvensters, het daartoe gelei dat hierdie seisoen heeltemal anders is as die afgelope twee seisoene. Die probleme wat in die hawe ondervind is, saam met die rekord-oes, het dinge verseker nie maklik gemaak nie.

Een effek van die uitdagende seisoen is dat dit dikwels langer neem om die houers af te reken. Dit is veral duidelik waar daar groot hoeveelhede in een week aangekom het. Onder die omstandighede het dit baie langer gevat om die volumes te verkoop en waar daar kwaliteitsprobleme was het dit meesal nog langer gevat en is die inkomstes ook baie swak.

Ons wag dus hierdie seisoen langer vir die verkoopstate om in te kom en druk ook die kliënte om vinniger te betaal. Dit is egter nie met elke houer so maklik nie en daar is ongelukkig gevalle waar ons nie betyds die verkoopstate vanaf die kliënt ontvang nie.

In so ‘n geval mag ons dalk ‘n week, of meer, later die houer betaal. Ons vra omverskoning indien dit enige ongerief veroorsaak. Ons doen werklik alles wat ons kan en verduidelik deurlopend die effek van ‘n laat verkoopstate.

Ons sien nou 'n toename en herstel in pryse in die mark, veral op wit pitloos. Die verbetering in marktoestande het egter ook gepaard gegaan met druiwe wat laat-seisoen reën gekry het. Dus is daar dikwels ‘n oorpakkings-komponent wat in ag geneem moet word. Ons het dit ook kortliks in een van ons vorige markverslae genoem.

Vrugte wat na die naweek van Week 5 gepak is, was meer vatbaar vir bars en botrytis (of ander swamme). Hierdie defekte het natuurlik 'n negatiewe koste-implikasie op die finale resultate van die druiwe.

Tans ervaar ons beter vooruitsigte vir die laat-seisoen druiwe vanaf ons kliënte. Ongelukkig was daar min druiwe in die mark wat die voordele kon kry.

Prys-indikasies, einde week 16:

- Wit Pitloos Punnets – DIP 185 – 190
- Wit Pitloos Loose – DIP 155 – 160
- Rooi Pitloos Punnets – DIP 155 – 160
- Rooi Pitloos Loose – DIP 140 - 145

Net as vergelyking. Die prys van rooi pitloos in week 13:

- Rooi Pitloos Punnets – DIP 120 -125

Iets wat baie duidelik deur al ons kliënte gekommunikeer word die laaste paar weke is dat daar nie meer plek vir sekere kultivars in die mark is nie. As daar 'n ooraanbod in die mark is en dit is 'n swakker kultivar wat met 'n goeie een kompeteer, gaan die beter kultivar altyd die rakspasie kry. As die swakker kultivar dan boonop nie stoorvermoë het nie, is daar net een pad en dit is ondertoe.

By 'n swakker kultivar bedoel ons een wat geskiedkundig nie 'n goeie naam opgebou het met kwaliteit, houvermoë, eetgehalte, ens nie. Tawny is seker die kultivar wat die meeste in die verband genoem word. Ongemaklike besluite lê voor oor dit.

**Marktoestande Midde-Ooste**

Verkoopspryse in die Midde-Ooste het, soos verwag, redelik opgegaan. Die verhoogde pryse is egter meesal geneutraliseer deur die verhoogde logistieke kostes en die verhoogde risiko. Die versekering op die vrag is ook in die oorlogsones onttrek en spesiale roetes moes gebruik word. Dit het die verskepingstye baie langer gemaak. Sapex het dus na die uitbreek van die oorlog geen druiwe na die Midde-Ooste gestuur nie.

**Marktoestande Ooste (SEA)**

Die laaste druiwe van Sapex is basies verkoop. Daar was enkele palette oor teen einde verlede week. Ons was die afgelope twee weke in Maleisië en Singapore om al die uitstaande onderhandelinge te doen. Al die uitstaande sake is aangespreek en ons wag basies nou vir die laaste betalings wat ons vertrou in die volgende twee weke afgehandel sal wees. Betalings vanaf die Ooste is goed vanjaar met minder kwaliteitsklagtes as verwag, ook gemeet teenoor die EU. Gesonde druiwe se DIP vlakke wissel tans tussen R180 en R200 DIP.

Ons is bly dat ons by ons strategie gehou het om programme in SEA verder uit te bou het. Dit gee 'n baie goeie basis om op te bou vir volgende seisoen.

Groete, Sapex Span.